# SA Graan Grain

NAMPO Alfa-uitgawe
NAMPO Alfa edition




**12 – 14**
**OCTOBER**
**OKTOBER**

www.nampoalfa.co.za

# NAMPO ALFA

## LIVESTOCK, HUNTING AND OUTDOOR EXPO
## LEWENDEHAWE, JAG EN BUITELEWE EKSPO

NAMPO PARK >>> BOTHAVILLE

SUPER SALE
SPECIAL OFFER
LIMITED TIME ONLY

LATGRO MIDAS
056 515 2155

9 Greyling St, Bothaville, 9660

PRICES VALID FROM 12 OCTOBER 2023 UNTIL 14 OCTOBER 2023 ONLY. WHILE STOCKS LAST

**FORD RANGER 2012 ONWARDS**




GUD OIL, AIR AND DIESEL FILTER KIT
FK2
**R339**




**TOTAL RUBIA TIR 7400 15W40 5L**
222879
**R309**




**TOTAL MULTAGRI MS 15W40 5L**
222928
**R329**



FERODO FRONT BRAKE PADS
FERODO
FDB4475
**R689**

**MIDAS STYLE SEAT COVER SETS**



FRONT 4 PIECE, BLACK
SC30M
**R479**

REAR 5 PIECE, BLACK
SC31M
**R479**

**DIESELFIX**




| | | |
|---|---|---|
| DF100 | 100ML | R139 |
| DF200 | 200ML | R249 |
| DF1000 | 1L | R1 199 |

**MIDAS STYLE 150PSI AIR COMPRESSOR**




AIR FLOW: 180L/MIN
62MM CYLINDER
MAX CURRENT: 45AMP
POWER SUPPLY: DC 12-13, 8V
2,5MM CORD
6,0M HIGH-QUALITY RUBBER HOSE

PU150M
**R2 599**

**AUTOGEAR RUBBER MAT SETS**



FRONT
2 PIECE,
BLACK
WITH LIP
MA24BK
**R269**

REAR
2 PIECE,
BLACK
MA25BK
**R189**

**CANTILEVER TOOLKIT**
77 PIECE 1/2 DRIVE



TK77M
**R4 499**

**PRO USER ADVANCED SMART CHARGER**



4 AMP
4 STAGE CHARGING
LCD DISPLAY 12V
PSD004
**R899**

**PRO USER 12V INVERTERS**




800W
SURGE POWER
OUTPUT AT 1600W
INV800
**R1 699**

Prices valid from 12 October 2023 until 14 October 2023 only. While stocks last at Latgro Midas Store. Unless we state a specific limitation, Latgro Midas will attempt to have sufficient advertised stock available to meet consumers' anticipated needs. Should we still run out of stock, we will attempt to obtain the stock or we will offer you a reasonable alternative. We at Midas take special care to ensure that the adverts placed are correct. If a mistake occurs or incomplete information is printed, we will display a notice in-store with all the correct details. Prices include VAT of 15%. CASH OR CREDIT CARDS ONLY.

# INHOUD/CONTENTS


2 Where livestock, hunting & outdoor excellence meet

4 Beste in die mark op een plek bymekaar

6 Drie-in-een-ekspo is besig om naam te maak

9 NAMPO Alfa – so reg in ons kraal

10 Veekampioene pronk weer op NAMPO Park

14 Alles en meer vir hengelaars

15 Vuurwapens hier op proef gestel

16 Terreinkaart van NAMPO Alfa



2


10


4


6


15


GSA GRAIN | GRAAN

SA Graan Grain

ISSN 1814-1676

**EIENAAR/UITGEWER**
GRAAN SA
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040
Tel: 086 004 7246
*www.grainsa.co.za*

**REDAKSIE**
Dr Dirk Strydom
HOOF: BEMARKING, NAMPO EN NAVORSINGSKOÖRDINERING
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810
E-pos: *dirks@grainsa.co.za*

REDAKTEUR: Valerie Cilliers
Tel: 018 468 2716 • Sel: 060 991 1606
E-pos: *valerie@infoworks.biz*

BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
E-pos: *johan@infoworks.biz*

**MEDEWERKERS**
Mariëtta Cronjé
Karina Muller

**PUBLISERINGSPAN**
Elmien Bosch, Lani Viljoen
en Marisa Fourie (bladuitleg)

**ADVERTENSIEVERKOPE**
KOLBE MEDIA – Kaapstad
Jurgen van Onselen – advertensiekoördineerder
Tel: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
E-pos: *jurgen@kolbemedia.co.za*

SCHMILTZ MARKETING – Johannesburg
Ruth Schultz – advertensiekonsultant
Tel: 081 480 6413 • Sel: 083 583 5243
E-pos: *ruth@schmiltz.co.za*





# Voorwoord



**Valerie Cilliers, redakteur, *SA Graan/Grain***

Uit 'n Statista-opname wat in 2023 aanlyn onder 'n totaal van 12 206 respondente in Suid-Afrika gedoen is, blyk dit dat 37% van Suid-Afrikaners buitelugaktiwiteite bo-aan die lys plaas wanneer hulle gevra word oor hul gunsteling-stokperdjies en -aktiwiteite.

Die buitelewe klop aktiwiteite soos sosialisering (36%), reis (35%) en selfs videospeletjies (30%). Goeie nuus vir enige tydskrif soos *SA Graan/Grain* is die feit dat lees die boonste plek ingeneem het, met 49% van respondente wat hierdie aktiwiteit as hul gunsteling gekies het.

Daardie buitelewe-entoesiaste wat lief is vir lees, sal mal wees oor hierdie spesiale bylaag oor alles wat by NAMPO Alfa te sien sal wees. Lees gerus oor die uiters suksesvolle veeprogram op **bladsy 10**. Hierin vertel ons meer van die verskeie kampioenskappe wat op NAMPO Park aangebied gaan word. "Die Alfa-veeprogram fokus primêr op die wetenskap en die ondersteuning van objektiewe meting en beste praktyke in die veebedryf, maar bied ook vir Jan Alleman die geleentheid om pragtige kampioendiere van naby te sien," skryf Hanlie du Plessis.

Behalwe vir die platform wat NAMPO Park aan genootskappe en telers bied, is dit ook ideaal toegerus vir 'n buitelewe-ekspo. Daar is vanjaar selfs meer om van te kies met verskeie groot vuurwapenhandelaars wat hul wapens ten toon sal stel en – soos verlede jaar – sal besoekers vuurwapens op 'n skietbaan kan toets. In die geval van 4x4-voertuie, sal entoesiaste die nuutste modelle kan toetsbestuur op 'n baan wat nie hoogs tegnies uitgelê is nie.

Visvangfoendi's gaan NAMPO Alfa nog lank onthou. 'n Groot verskeidenheid visvangtoebehore en -apparatuur sal ten toon gestel word en opwindende kompetisies gaan vissermanne laat bontstaan om te wys wie die beste is. Lees meer op **bladsy 14**.

Daar is vanjaar selfs meer om te geniet en baie om na uit te sien. Sien jou daar.

Lekker lees.

*Valerie*

# Where livestock, hunting & outdoor excellence meet





**Alzena Gomes, public relations officer, Grain SA**

The eagerly awaited NAMPO Alfa 2023 is on the horizon and taking place from 12 to 14 October on NAMPO Park, just outside Bothaville. Last year's amalgamation of champion animals, visionary vehicles, outdoor gear, and firearms drew multitudes to NAMPO Park, underscoring the enduring allure of the reimagined Alfa Expo.

In 2022, NAMPO Alfa achieved a remarkable feat by uniting enthusiasts from the livestock, hunting, and outdoor industries onto a single ground-breaking platform. This exclusive gathering provided attendees an extraordinary chance to engage with the epitome of offerings spanning these diverse industries.

The South African livestock and game industries stand as indispensable pillars of the local economy, showcasing their ability through exceptional growth. Alfa has become the best livestock expo in the country in just four years. Fuelled by this accomplishment, the logical trajectory is to extend the horizons of the event even further.

NAMPO Park has a great history of hosting successful events, so it is the perfect place for NAMPO Alfa to do well. Also, a palpable demand for a pragmatic hunting and outdoor expo has emerged. The seamless integration of livestock, outdoor activities and hunting within the fabric of the South African agricultural community underpins a synergy that is nothing short of a success formula.

The expo offers various possibilities, spotlighting practical demonstrations featuring 4x4 vehicles, off-road caravans, camping essentials, and cutting-edge hunting and fishing paraphernalia. Furthermore, an exclusive shooting range beckons attendees to try out an array of equipment for themselves.

Alfa exceeds the boundaries of a conventional expo, consistently delivering unique platforms for stakeholders within the livestock industry to establish valuable business networks. This extends not only to local players, but also to stakeholders across the African continent. The 2023 edition continues this tradition, featuring a bustling livestock programme tailored for young and old alike.

At the same time, there is a big need for a hunting, outdoor and fishing expo that is hands-on! Livestock, outdoor hobbies, hunting and fishing all go together very well in South Africa, and that's what makes this event special. NAMPO Park's strong infrastructure – including ample parking, kiosks, livestock facilities and more – is once again ready to host the 2023 NAMPO Alfa and facilitate growth opportunities.

For enthusiasts and prospective firearm owners, the shooting range at NAMPO Park is a haven. Weapons of varying calibres can be experienced at various distances, accompanied by stringent safety protocols and provided protective gear.

*All the big brand names are there – the experts you really want to talk to, with merchandise you can touch and experience*

The livestock component of NAMPO Alfa focuses on scientific advancements and unwavering support for objective measurement and best practices in the livestock industry, but it also gives everyone a chance to see champion animals up close. The livestock programme comprises of two main components: the Alfa beef cattle programme and the Alfa small-stock programme. The Alfa beef cattle programme reigns supreme, boasting a multitude of projects and participants. Societies and breeders seize the opportunity to champion their respective breeds, fostering collaboration and participation.

All under one roof in the NAMPO Hall, the Alfa small-stock programme grants unparalleled focus to South Africa's vibrant small-stock industry and embraces all stakeholders.

The hunting, outdoor & fishing programme is scheduled to the brim and includes the following:

- A treasure hunt to explore the realm of participating exhibitors.
- The Hinterland shooting range to embark on practical shooting experiences and captivating demos.
- 4x4 demonstrations to engage in exhilarating ride and drive sessions.











- Motorbike skills demonstrations to witness daring motorbike demonstrations and partake in practical riding courses.
- Off-road caravan demonstrations to discover the versatility of off-road caravans.
- Fishing activities to participate in a daily fishing tug-of-war competition, and the Legends Pro Angling casting range.
- Angling expert sessions that will delve into enriching Q&A sessions hosted by industry legends.
- Simulators to immerse yourself in a Formula 1 or fishing experience like no other.
- Archery to indulge in practical shooting demonstrations.

'It's a hands-on experience. It is in the open air; you can handle a fishing rod and cast it; you can fire shots on the shooting range; we are going to have a course where you can experience how the vehicle drives. All the big brand names are there – the experts you really want to talk to, with merchandise you can touch and experience,' Dr Dirk Strydom, Grain SA's Marketing, NAMPO & Research Coordination lead, said. 'We are looking forward to host such an exceptional expo on NAMPO Park. With added exhibitors, and the fishing industry joining this year, NAMPO Alfa promises to be a livestock, hunting, outdoor and fishing event like no other in the country,' he concluded. ●

*Tickets will be available from early September on the Ticketpro website. Stay connected with NAMPO Alfa on social media: Facebook: www.facebook.com/NAMPOALFA Twitter: @NAMPO_ALFA and Instagram: @nampo_ALFA*




# BESTE IN DIE MARK op een plek BYMEKAAR

**Valerie Cilliers, redakteur, *SA Graan/Grain***

Die wêreldbekende NAMPO-handelsmerk het verlede jaar sy spreekwoordelike tentpenne verder geskuif deur vir die eerste keer 'n lewendehawe-, jag- en buiteleweskou – NAMPO Alfa – aan te bied.

In 2022 het die skou bykans 6 500 besoekers gelok, met uitstallers van sover as Pinetown en Riviersonderend wat op NAMPO Park net buite Bothaville kom uitstal het.

Volgens Dr Dirk Strydom, hoof van Graan SA se Bemarking-, NAMPO- en Navorsingskoördinering-departement, is sy span hard aan die werk om te verseker dat daar 'n groot verskeidenheid produkte en aktiwiteite gaan wees om te besigtig en aan deel te neem. "Verskeidenheid is vir ons hierdie jaar uiters belangrik en ek dink ons kon dit regkry om meer as genoeg aan te bied sodat besoekers aan NAMPO Alfa vanjaar baie het om oor huis toe te skryf."

## Topdiere

Die veekomponent van die ekspo wat deur die African Livestock Trade Fair (ALFA) behartig word, beloof om 'n groot trekpleister te wees. "Die opwindende veeprogram bied 'n platform om die beste diere in die land ten toon te stel. Hierdie diere is vir die ekspo gekies volgens prestasiedata. Dus kan besoekers uitsien na vee-uitstallings van verskeie rasse, demonstrasies van die nuutste vooruitgang in veeboerderytegnieke en nog vele meer," vertel dr Strydom.

## Kom toets self

Vir hom is die *hands on*, praktiese aard van die skou die rede waarom buitelewe-, vee- en jagentoesiaste nie by die huis moet bly nie. "Daar gaan 'n groot hoeveelheid praktiese demonstrasies wees – veral op die skietbaan waar voornemende kopers vuurwapens wat deur wapenhandelaars ten toon gestel word, kan uittoets. Ons is ook besonder opgewonde oor 'n nuwe visvangafdeling met verskeie kompetisies waar vissermanne hul vernuf kan kom wys."



**Vir dr Dirk Strydom – self 'n buitelewe-entoesias – is die *hands on*, praktiese aard van NAMPO Alfa uniek en iets wat elke buitelewe-entoesias moet beleef.**

## Die beste op een plek

Dr Strydom sê hulle mik vir 'n besoekerstal van 15 000 mense. "Tydens NAMPO Alfa gaan die beste van die beste produkte in die buitelewe- en jagmark op een plek beskikbaar wees. As jy in die mark is vir 'n kampwa, gaan daar vir jou geleentheid wees om 'n groot verskeidenheid modelle op die proef te stel. Die feit dat jy produkte eerstehands en prakties kan uittoets, maak NAMPO Alfa uniek."

Volgens dr Strydom moet jagters beslis 'n draai maak by NAMPO Alfa. "Ons werk hierdie jaar saam met Wildlife Ranching South Africa (WRSA) om jagplase die geleentheid te bied om jagpakkette te bemark. NAMPO Alfa is dus die ideale plek om jou volgende jagtog te bespreek," het hy bygevoeg.



**Graan SA- en Alfa-personeel het verlede jaar hard gewerk om die eerste NAMPO Alfa die lig te laat sien. Op die foto is Wim Venter (Graan SA), Albert Loubser (ALFA) Alzena Gomes (Graan SA), Bennie Zaayman (Graan SA), Toit Wessels (voorheen van Graan SA) en dr Dirk Strydom (Graan SA).**



Luzelle Botha het van die geleentheid gebruik gemaak om 'n vuurwapen op die skietbaan te toets.



Daar is soos by elke NAMPO altyd iets lekker om te eet. Carmen Visser het die spookasem 10 uit 10 gegee.

## Lesse geleer

"Na afloop van 'n suksesvolle NAMPO Alfa verlede jaar, is daar verskeie lesse te leer om te verseker dat die ekspo selfs beter bygewoon en aangebied word. Die datum is uiters belangrik sodat dit nie met ander geleenthede bots nie. Ons het verder besef dat dit belangrik is om produkte te groepeer, sodat dit met mekaar vergelyk kan word en om dit vir die besoeker makliker te maak."

Volgens dr Strydom is daar vanjaar meer as 200 uitstallers. "Die uitstallers wat geselekteer is, is van hoë gehalte, daarom is dit van groot belang dat ons genoeg voete op die park kry om dit ook vir hulle die moeite werd te maak." ●

## 'n Gedugte span

Al die NAMPO-handelskoue word gereël deur Graan SA se Bemarking-, NAMPO- en Navorsingskoördinering-departement wie se personeel meer as 70 jaar se gekombineerde ondervinding het.

"NAMPO en die handelsmerk is iets waarop ieder en elk trots kan wees en addisionele handelskoue, soos NAMPO Kaap en NAMPO Alfa, is die afgelope klompie jare ontwikkel om nie net 'n instelling op die Graan SA-kalender te wees nie, maar om ook 'n hoeksteen van die organisasie se volhoubaarheid te wees," vertel dr Strydom.

Aan die stuur van sake wat NAMPO Alfa betref, is Bennie Zaayman (bestuurder: NAMPO Park), Luzelle Botha (komiteebeampte by Graan SA) en Carmen Visser (deel van die Bemarking-, NAMPO- en Navorsingskoördinering-departement by Graan SA) met die ondersteuning van die spanne op NAMPO Park en in Graan SA.



# Drie-in-een-ekspo

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

NAMPO Park is besig om sy vere reg te skud vir die aanbied van hierdie jaar se NAMPO Alfa lewendehawe-, jag- en buitelewe-ekspo van 12 tot 14 Oktober naby Bothaville.

NAMPO Alfa bied aan besoekers die geleentheid om te midde van 'n eg plattelandse atmosfeer op hoogte te kom van die nuutste prestasies, ontwikkeling en produkte op die terrein van lewendehawe, jag en die buitelewe. Hierdie ekspo beloof om net soos die eerste aanbieding op NAMPO Park in 2022 'n groot sukses te wees.

"Omrede die drieledige kombinasie van lewende hawe, jag en die buitelewe 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse landbougemeenskap is, word die aanbied van NAMPO Alfa binne landbougeledere verwelkom. Dit vind ook groot byval by diegene wat lief is vir die buitelewe. Wat hierdie ekspo uniek maak, is die ruim geleentheid wat vir besoekers geskep word om verskeie produkte en dienste self prakties uit te toets. NAMPO Park beskik oor die ideale terrein en fasiliteite in dié verband," sê dr Dirk Strydom, hoof: Bemarking, NAMPO en Navorsingskoördinering by Graan SA.

"NAMPO Alfa bied aan rolspelers in die lewendehawebedryf uitstekende besigheidsnetwerkgeleenthede. Dit geld vir plaaslike rolspelers en belanghebbendes van oor die hele Afrika-kontinent. Die program bied verder aan genootskappe en telers die geleentheid om hul onderskeie rasse te bevorder en om deelname van telers en genootskapslede te bevorder," aldus Lizette Vermaak, mede-Alfaskou-organiseerder.

## Jag

Diegene wat 'n passie vir gevorderde en moderne vuurwapens het, kan uitsien na die uitstallings van vooraanstaande vervaardigers in die wapenbedryf se nuutste wapentegnologie en innovasies. Kundige uitstallers, waaronder Safari & Outdoor, SABI Werkswinkel, Southern Sky Operations en Dave Sheer Country Ranch, sal besoekers kan bystaan met goeie advies rakende 'n geskikte vuurwapen vir jag en skietsportsoorte of vir selfverdediging.

*NAMPO Alfa bied aan rolspelers uitstekende besigheidsnetwerkgeleenthede*

Die ervaring hoef nie net by waarneming te bly nie. Uitstallers sal vuurwapens by die Hinterland-skietbaan beskikbaar stel sodat belangstellendes self die sneller kan trek.

Saam met 'n vuurwapen is daar ook altyd 'n behoefte aan toebehore. Die uitstallings van onder andere geweervisiere, geweersakke, holsters, jagmesse, verkykers en afstandmeters sal hierin kan voorsien.

Boogskutters wat eerder met 'n pyl en boog jag of dit as 'n sport beoefen, sal hulself van die nuutste tegnologie en toebehore kan vergewis by Magnum Archery se uitstalling. Daar is ook voorsiening gemaak vir boogskietentoesiaste om self 'n paar pyle af te skiet met van die boë wat uitgestal gaan word.



## Buitelewe

Die uitstalling van 'n verskeidenheid van woonwaens gaan aan woonwa-entoesiaste die kans gee om op hoogte van die nuutste ontwerpe te kom deur vergelykings te tref en advies in te win. Dit sal ook die ideale geleentheid bied om ekskursies met medekaravaanentoesiaste te deel en sodoende inspirasie te vind vir die volgende karavaanreis.

Waar daar oor die buitelewe gepraat word, is dit vanselfsprekend dat tente ook op die agenda sal wees. Verskaffers sal onder meer van die nuutste kompakte tente, groter tente wat 'n gesin kan akkommodeer en sytente vir woonwaens vir nadere betragting vertoon. Besoekers sal die nuutste groottes, style en ontwerpe van tente wat beskikbaar is, kan sien.

Natuurlik is 'n buitelewe-ekspo nie denkbaar as sleepwaentjies nie ook 'n regmatige plek tussen die uitstallings inneem nie. Besoekers sal terselfdertyd daktentsleepwaens van nader kan beskou. Vir diegene wat belangstel in die nuutste motorfietse op die mark sal daar vir seker van hierdie ysterperde ook uitgestal word.


4x4-veldryvoertuigentoesiaste sal tydens demonstrasieritte kan sien hoe ervare bestuurders die 4x4-baan bemeester. Besoekers sal self ook die verskillende voertuie kan toetsbestuur om vergelykings te tref.

Hengelaars kan vanjaar uitsien na gehalte-uitstallings. Onder die vaandel van Legends Pro Angling sal belangstellendes 'n



# is besig om naam te maak






groot verskeidenheid toerusting wat vir hierdie gewilde buitelugtydverdryf benodig word, onder oë kan neem. Daar kan ook ingeskryf word vir die "Kol-en-Vergooibaan"-kompetisie en hengelaars kan hul bedrewenheid om daardie "groot een" in te katrol toets met 'n visvangsimulator. Verder sal entoesiaste persoonlik kennis kan maak met bekendes binne visvanggeledere.

## Lewendehawe

Besoekers aan NAMPO Alfa gaan weer eens kans kry om topkwaliteit- lewendehawe van nader te bekyk. Die veeprogram bestaan uit twee hoofkomponente, naamlik die Alfa-vleisbeesprogram en die Alfa-kleinveeprogram en beide gaan vanjaar weer propvol hoogtepunte wees. Dan is daar die mini-ekspo's waar werkshonde, werksperde, pluimvee, melkbokke, Angora's en die vark- en suiwelbedryf ook te siene sal wees.

Die Nasionale Interras-vleisbeeskampioenskap beloof om groot belangstelling uit te lok. Die hoogtepunt hier is die aankondiging van die nasionale interrasbul en -koei tydens die Alfa-dinee. Die Mega-oskampioenskap, met die os se gewig as deurslaggewende faktor, is op sy beurt ook baie gewild.

Nasionale prestasiekampioenskappe vir beide vleisbeeste en kleinvee vind by NAMPO Alfa plaas. In beide gevalle word die wenners van die onderskeie rasse bepaal aan die hand van prestasiedata in plaas van die konvensionele wyse van beoordeling.

Vir skole wat landbou as 'n vakrigting aanbied, is daar ook geleentheid geskep om aan NAMPO Alfa deel te neem. Leerders sal kans kry om diere van hulle vleisbees- en kleinveestoetkuddes uit te stal en om aan die Zoetis- Junior Interraskampioenskap deel te neem.

'n Verdere hoogtepunt op die program is die BKB- Nasionale Kleinveeprestasiekampioenskap wat 'n eerste vir die kleinveebedryf is en waar al die rasse onder een dak uitgestal sal word. Daar sal ook 'n "Beste van die Beste"-uitstalling en -parade wees waartydens elke kleinveeras 'n ram sal vertoon.

## Vir besoekers


Vanjaar gaan besoekers met die intrapslag deel wees van 'n opwindende kompetisie. Elke besoeker gaan by die hek 'n gratis vorm ontvang met 'n lys van uitstallings wat besoek moet word ten einde vir groot pryse in aanmerking te kom. Maak seker dat jy aan hierdie kompetisie deelneem!

Besoekers sal sonder twyfel ook 'n behoefte daaraan hê om die innerlike te versterk. Hiervoor sal daar ruim voorsiening gemaak word. Smaaklike wegneemetes sal teen billike pryse beskikbaar wees en vir diegene met droë kele, is 'n besoek aan die biertuin 'n opsie om te oorweeg. ●

*Kaartjies sal by die hekke verkoop word en vanaf middel September aanlyn by Ticketpro beskikbaar wees.*



SAFARI OUTDOOR



BESOEK ONS BY
NAMPO
ALFA

12 - 14 OKTOBER 2023
NAMPO ALFA
LEWENDEHAWE, JAG & BUITELEWE
NAMPO PARK, BOTHAVILLE

GROOTSTE REEKS

Ons het die **grootste verskeidenheid** jag- en buiteleweprodukte wat in elke jagter, boer of natuurliefhebber se behoeftes voorsien.

VIND ONS HIER

Noordelike ingang
Hek 4 **Staanplek A22**
Langs die SANTAM
Landbousaal.

Kyk vir die
**Safari Outdoor-lugballon!**

GRAVEER GRATIS

**Koop enige** mes of Stanley-produk by NAMPO Alfa en laat **graveer dit gratis** by enige van ons winkels.

Ons het **6PAY** as 'n rentevrye afbetalingsooreenkoms beskikbaar vir enige vuurwapens of optiese toerusting wat meer as R5 000 werd is.

Volg ons op sosiale media

Besoek www.so.co.za

# NAMPO ALFA
## – so reg in ons kraal

Verskaf deur **Safari Outdoor**

NAMPO Alfa pas vir Safari Outdoor soos 'n handskoen, want 'n buiteleweskou wat plaas, jag en safari insluit, is so reg in ons kraal. NAMPO Alfa is dié plek om vir produsente en jagters te wys watter gehalteprodukte ons vir die boeregemeenskap en die natuurliefhebber lewer.

Produsente en die boeregemeenskap lê ons na aan die hart en ons produkte is gemik op die produsent se behoeftes. Daar is produkte vir elke geleentheid: van buitelewe-avonture tot jagnaweke en dag-tot-dag-plaasuitdagings.

### Wat bied ons die besoeker aan NAMPO Alfa?

Ons beplan verskeie spesiale aanbiedinge vir die buitelugliefhebber en jagter. Daar sal 'n groot en diverse reeks produkte beskikbaar wees – van teleskope, verkykers, nagsigtoerusting, toerusting vir die beveiliging van jou huis en plaas, 'n wye reeks vuurwapens (soos jaggewere, haelgewere en pistole) en messe tot klere, skoene en vele meer. Met so baie om te sien en doen, is 'n "pitstop" by Safari Outdoor 'n móét.

### Wat maak ons anders?

Safari Outdoor is bekend as een van die grootste jag- en safarikettingwinkels in Suid-Afrika.

Bo en behalwe die verskeidenheid produkte en betroubare handelsmerke wat ons huisves, is ons verkoops- en ander personeel opgeleide kenners in die veld.

Wanneer jy onseker is oor 'n produk of raad verlang, is ons kundiges daar om te raadpleeg. Waarde vir geld en produkte van goeie gehalte is ons leuse. Daar is ook 'n afbetaalopsie deur 6Pay. Al wat jy hoef te doen, is om 'n 20%-deposito te betaal en daarna kan die produk in vyf gelyke paaiemente afbetaal word, sonder rente. Dit is 'n ideale oplossing vir diegene wat al lank een van ons hoëgehalteprodukte op hul wenslys het.

### Ons hart klop boer

Elke Suid-Afrikaner ken die uitdagings wat produsente moet trotseer. Sonder om die reg in eie hande te neem, bied Safari Outdoor opsies wat boeregemeenskappe kan beveilig en bemagtig. 'n Gunsteling onder produsente is die Byrna-handelsmerk. Dis 'n semi-outomatiese selfverdedigingspistool wat peper- of harde balletjies kan skiet. Dit is een van die produkte wat beskikbaar sal wees by NAMPO Alfa en spesifiek gemik is daarop om te verseker dat produsente met gerustheid kan boer en die plaaslewe geniet. Die goeie nuus? Geen lisensie is daarvoor nodig nie en die produk is dadelik joune. Hard genoeg om die gevaar af te weer, maar simplisties genoeg dat enige volwassene dit kan hanteer.

### Van kliënte tot vriende

Safari Outdoor wil 'n huishoudelike naam wees op jou plaas en produsente bystaan met raad, gehaltediens en -produkte. As die plaas- en buitelewe jou hartklop is, is ons stalletjie vir jou bedoel. Ons nooi jou uit om te kom groet – maak 'n draai, beloer ons produkte en neem deel aan die verskillende aktiwiteite wat by die stalletjie aangebied word.




**Safari Outdoor se winkel met 'n groot verskeidenheid buiteleweprodukte was in Mei vanjaar by NAMPO 'n groot trekpleister vir besoekers. Die winkel by NAMPO Alfa gaan geen uitsondering wees nie.**




# VEEKAMPIOENE PRONK WEER OP NAMPO PARK



**Hanlie du Plessis, namens Alfa**

NAMPO Alfa is om die draai. Die kombinasie van kampioendiere, droomvoertuie, buitelewetoerusting en vuurwapens het verlede jaar gesorg dat duisende mense NAMPO Park toe gestroom het om dié immer gewilde Alfa-ekspo in sy nuwe formaat te belewe.

Dit was die eerste keer wat Graan SA en Alfa saam 'n ekspo aanbied, die eerste keer wat Alfa op NAMPO Park aangebied is, die eerste keer wat jag en buitelewe deel van die ekspo uitgemaak het en die eerste keer wat daar 'n skietbaan op NAMPO Park was.

Na al die eerstes en suksesse van verlede jaar, gaan die NAMPO Alfa Lewendehawe-, Jag- en Buitelewe-ekspo weer al dié lekkertes NAMPO Park toe bring. Die ekspo gaan weer eens oor drie dae strek, van Donderdag 12 Oktober tot Saterdag 14 Oktober 2023, sodat die werkendes, leerders en studente Saterdag ook in die pret kan deel.

Alfa se veeprogram fokus primêr op die wetenskap en die ondersteuning van objektiewe meting en beste praktyke in die veebedryf, maar bied ook vir Jan Alleman die geleentheid om pragtige kampioendiere van naby te sien. Die veeprogram bestaan uit twee hoofkomponente: die Alfa-vleisbeesprogram en die Alfa-kleinveeprogram. Beide beloof om vanjaar weer propvol hoogtepunte en kampioene te wees.

Die Alfa-vleisbeesprogram is die grootste program met die meeste projekte en ook die meeste deelnemers. Die program bied genootskappe en telers die geleentheid om hul onderskeie rasse te bevorder en om deelname van telers en genootskapslede te bevorder. Elke deelnemende genootskap kry uitstalgeleentheid: stamboekrasse onder die John Deere-afdak en die Lewendehawe Registrerende Federasie (LRF)-rasse onder die Vitech-afdak. Landbouskole met vleisbeeskuddes kan in die veekompleks uitstal by die uitstallings van die ras wat hulle verteenwoordig.


2023 se Vleisbeesprogram@NAMPO Alfa sluit die volgende kampioenskappe in:

## Die Nasionale Interras-vleisbeeskampioenskap

Die interras- groot kampioen- manlike en vroulike diere van die grootste skoue wat vanjaar in Suid-Afrika aangebied is, word genooi om aan die nasionale interraskampioenskappe by NAMPO Alfa 2023 deel te neem. Onder hierdie skoue tel Hertzogville, Bloemskou, Vryburg, NAMPO, die Royal-skou, Thabazimbi, Ellisras, Ermelo, Noord-Gauteng, George, Moorreesburg, Parys en Standerton. Kwalifiseerders kry die geleentheid om hul diere en stoeterye uit te stal as deel van die interrasuitstalling.


*Alfa se veeprogram fokus primêr op die wetenskap en beste praktyke in die veebedryf*


'n Nasionale interraskampioen vir beide die manlike en vroulike diere word dan tydens die Alfa-dinee aangewys, soos dit jaarliks sedert 2016 gedoen word. Individuele telers moet self by streekskoue die interraskampioenskap wen om uitgenooi te word. Hierdie toekenning word as die hoogste toekenning in die Suid-Afrikaanse











skoubedryf gereken en wenners word tydens die Alfa-dinee aangekondig. Die diere neem tydens die dinee deel aan 'n skouspelagtige parade tussen deur die tafels.

## Die Nasionale Vers-prestasiekampioenskap

Die top-10%-vervangingsverse word op grond van prestasiedata binne die ras aangewys deur die betrokke registrasie-owerheid of diensverskaffer. 'n Lys van diere wat kwalifiseer, word deur SA Stamboek aan die verskillende genootskappe gestuur terwyl selfregistrerende owerhede hul eie diere nomineer. Elke genootskap kan een van hierdie verse uitstal as deel van hul rasuitstalling.

## Die Nasionale Bul-prestasiekampioenskap

Hierdie kompetisie stel 'n wetenskaplike alternatief vir konvensionele skoubeoordeling daar. Die top-10%- jong bulle word op grond van prestasiedata binne die ras deur die betrokke registrasie-owerheid of diensverskaffer aangewys. SA Stamboek sal die besonderhede van diere wat kwalifiseer aan die verskillende genootskappe stuur terwyl selfregistrerende owerhede hulle diere self moet nomineer. Elke genootskap kan een van hierdie bulle of hul fase-C-bul as deel van hul rasuitstalling ten toon stel.



## Die "Moneymaker"-kwalifiseerders

Moneymaker-kwalifiseerders is koeie en bulle uit elke ras wat die titel "Moneymaker" verdien. Dit is koeie en bulle wat aan die einde van hulle produksieloopbaan sekere prestasies betreffende nageslag, prestasie en die prestasie van hul nageslag bereik het. In beide gevalle moet meer as 50% van beide manlike en vroulike nageslag in die ras opgeneem wees en sowel die bul as die koei moet self 'n teelwaarde bo die rasgemiddeld hê.

## Die Zoetis- Junior Interraskampioenskap


Landbouskole en akademiese skole wat landbouvakke aanbied en wat vleisbeesstoetkuddes besit, word genooi om hul diere in die veekompleks te kom uitstal. Al hierdie skole neem deel aan die














# VEEKAMPIOENE PRONK...

Zoetis- Junior Interraskampioenskap. Dit is 'n gulde geleentheid waartydens die skool bemark kan word.

## Die Mega-oskampioenskap

Hierdie kompetisie is baie gewild en vir seker 'n hoogtepunt by vorige Alfa-ekspo's. Beestelers word genooi om groot osse in te skryf. Daar is geen vereiste wat teling of ouderdom betref nie en diere hoef nie van 'n spesifieke ras te wees nie. 2018 se mega-oswenner was die swaarste os wat in die bestaan van die kompetisie ingeweeg is. Met 'n lewendige gewig van 1,37 ton het die Chianina-os wat deur Christiaan de Jager geteel is, 829 kg uitgeslag. (Dit is 'n uitslagpersentasie van meer as 60%).

## SAFA People's Challenge

Vyf genootskappe van vyf verskillende rasse wat aan vorige Alfa's deelgeneem het, kan inskryf vir hierdie kompetisie. Besoekers kry die geleentheid om die lendeskyf (*sirloin steak*) van die verskillende rasse te proe en dan te stem vir die smaaklikste vleis. Elke ras moet lendeskywe verskaf wat deur 'n plaaslike blokman in vergelykbare snitte verwerk is en dan deur 'n sjef op dieselfde wyse voorberei word. Die Angus-ras was die wenner in 2017 en 2018 en die Afrikaners in 2019. Die rasse wat in die verlede ingeskryf is, kry voorkeur, maar enige ras se verteenwoordigers wat belangstel kan ons kontak, sou een van 2019 se deelnemers onttrek.

## SAFA Beef Brand Challenge

Verskillende geregistreerde of erkende vleisbeeshandelsmerke sal dit uitspook om as Suid-Afrika se kampioenvleisbeeshandelsmerk aangewys te word. Beoordeling word op grond van 'n wetenskaplike evaluasie deur middel van wetenskaplike ontleding en sensoriese kwaliteit deur die Universiteit van die Vrystaat (UV) gedoen.

## Alfa Ringgids-opleidingskursus

'n Ringgids-kursus (*ring steward*) word aangebied waarin deelnemers die fyner kunsies van hierdie belangrike aspek van 'n professionele skou kan leer. Enige persoon kan inskryf en daar is geen fooie nie. Elke deelnemer ontvang 'n deelnemersertifikaat na afloop van die program. Hierdie program word ondersteun deur die Nasionale Interras-beoordelaarsvereniging en het ten doel om die professionaliteit van skoue te verbeter.


## Telersgallerye

Daar is baie beperkte geleentheid vir stoettelers om hul stoeterye direk te bemark by ekspo's en skoue. NAMPO Alfa het stalletjies beskikbaar waar stoettelers van verskillende rasse hul diere kan bemark. Uitstalruimtes en krale om diere te vertoon, is beskikbaar. Telers word uitgenooi om bulle, verse of kruise te bemark en die telers wat meer as een ras teel, kan verskillende rasse vanuit dieselfde stalletjie bemark.

## Alfa-dinee

Die dinee is sonder twyfel die kersie op die koek van die Alfa-vleisbeesprogram en definitief iets om na uit te sien. Die veebedryf en alle aspekte daarvan is weer eens vanjaar die "eregaste" by die Alfa-dinee. Dit is 'n geleentheid waar lede van die vleisbeesbedryf bymekaarkom om gesellig saam te kuier, aan presteerders in die bedryf erkenning te gee en terselfdertyd die produkte van die bedryf te geniet. Die Alfa-dinee word op die Vrydagaand van die ekspo aangebied.

Tydens die dinee word die nasionale interraswenners vir manlike en vroulike diere aangewys en al die ander vleisbeestoekennings word ook oorhandig. Elke deelnemende genootskap kry vier gratis



kaartjies vir die geleentheid en addisionele kaartjies kan aangekoop word indien daar nog beskikbaar is.

## Die Alfa-kleinveeprogram

Ons beplan die grootste kleinveeprogram nóg sedert die eerste aanbieding van Alfa. Die hele kleinveeprogram word onder een dak in die NAMPO-saal aangebied. Dit bied ongeëwenaarde fokus op Suid-Afrika se trotse kleinveebedryf en aan alle rolspelers.

Die volgende projekte vorm deel van 2023 se Kleinveeprogram@ NAMPO Alfa:

## Die BKB- Nasionale Kleinveeprestasiekampioenskap

Die BKB-prestasiekampioenskap is die oudste en een van die mees suksesvolle projekte van Alfa. Die prestasiekampioenskappe is belyn om die proses van wetenskaplike seleksie van vervangingsdiere te ondersteun. Die top-10%- jong ramme en ooie word op grond van prestasiedata binne die ras aangewys deur SA Stamboek. Die vereistes vir beide ramme en ooie word saam met die lyste van diere wat kwalifiseer deur SA Stamboek aan die verskillende genootskappe gestuur.

*'n Nasionale interraskampioen vir beide die manlike en vroulike diere word tydens die Alfa-dinee aangewys*

Elke genootskap kry nou die geleentheid om die telers van hierdie ooie en ramme te nooi om by NAMPO Alfa te kom uitstal en deel te neem aan 'n prestasieskou binne die ras of uitstalling. Elke ras kan self sy program en aktiwiteite bepaal om aan te pas by die betrokke behoefte van daardie ras. Geen interraskompetisie word aangebied nie en geen ras word voorgeskryf in terme van watter aktiwiteit aangebied moet word nie. Hierdie is soortgelyk aan die SA Stamboek-prestasieklasse wat by Bloemskou aangebied word vir vleisbeeste, maar sonder dat diere aan 'n interraskompetisie deelneem.

## "Best of the Best"-uitstalling en parade

Elke kleinveeras word genooi om 'n ram uit te stal as deel van die "Best of the Best"-kampioenepaviljoen wat in die NAMPO-saal opgerig sal word. Een ram per ras word genooi, wat deur daardie ras as 'n kampioen en uitsonderlike voorbeeld van hul ras aangewys is. Die ram kan die nasionale kampioenskap se grootkampioen- manlike dier wees, of kon 'n kampioenskap by 'n hoëvlakskou of -kompetisie gewen het of die hoogste prys by 'n veiling behaal het. In die geval waar daar geen sodanige kwalifiserende geleentheid was nie, kan die genootskap 'n verdienstelike dier amptelik nomineer om die ras te verteenwoordig. Die dier neem ook deel aan die rasparade tydens die amptelike prysuitdelingsgeleentheid.

## Die "Moneymaker"-kwalifiseerders

Die projek beoog om al die ramme en ooie wat die titel "Moneymaker" verdien, in elke ras aan te wys. Die genootskap kan dan van die kwalifiserende diere nooi om uitgestal te word as deel van die betrokke ras se rasuitstalling. In beide gevalle moet meer as 50% van beide manlike en vroulike nageslag in die ras opgeneem wees en sowel die ram as die ooi moet self 'n teelwaarde bo die rasgemiddeld hê.



## Die Zoetis- Junior Interraskampioenskap

Landbouskole en gewone akademiese skole wat landbouvakke aanbied en wat kleinveestoetkuddes het, kan deelneem aan die Junior Interraskampioenskappe. Skole kry die geleentheid om hul skool en hul diere as deel van die landbouskooluitstalling in die veekompleks op NAMPO Park te vertoon.

## Die Alfa "Bok & Tjop"-spitbraai

Die Alfa "Bok & Tjop"-spitbraai word vanjaar vir die eerste keer by NAMPO Alfa aangebied en gaan alle aspekte van die kleinveebedryf aan die groot klok hang. Die kleinveemense gaan lekker saam kuier en aan presteerders van die Alfa-projekte erkenning gee, terwyl die "Best of the Best"-ramparade tussen die gaste deurstap. Die volgende kleinveetoekennings word tydens die geleentheid oorhandig: die onderskeie raswenners van die BKB- Nasionale Kleinveeprestasieskou, die Zoetis- Junior Interras-wenners, die "Moneymaker"-teler van die jaar en die BKB-prestasieteler van die jaar.

NAMPO Alfa ondersteun en voldoen aan dieselfde biosekuriteitsregulasies as die ander groot landbougeleenthede. Besoek gerus ons webblad, *www.nampoalfa.co.za*, of kontak Lizette Vermaak (082 412 2868 of *lizette@alfaexpo.com*) of enigeen van die NAMPO Alfa-span indien enige verdere inligting verlang word. ●



# ALLES EN MEER VIR HENGELAARS

Karina Muller, *SA Graan/Grain*-medewerker

Hengel is 'n nuwe toevoeging tot NAMPO Alfa en beloof groot opwinding vir sosiale en mededingende hengelaars.

Raymano Venter, medestigter en -eienaar van Legends Pro Angling, sê Suid-Afrikaners is met die ideale klimaat geseën om te jag, vis te vang en ander buitelugaktiwiteite en sport te beoefen. Met die verskeidenheid damme en riviere in hierdie land, asook 'n besonder lang kuslyn, is visvang een van dié grootste buitelewe-aktiwiteite.

Daarby is visvang 'n bekostigbare aktiwiteit en sport, aangesien die toetreekoste besonder laag is. Met die groot aantal visvangplekke is dit ook relatief maklik om dit feitlik enige plek in die land te beoefen.

Volgens Venter is daar ongeveer een miljoen sosiale en mededingende hengelaars in Suid-Afrika. "Legends Pro Angling het besluit om deel van NAMPO Alfa te raak om aan besoekers 'n wye verskeidenheid visvangprodukte beskikbaar te stel, wat visstokke, katrolle, aas, uitrustings, gereedskap en veel meer vir beide varswater- en seehengelaars insluit."



**Barend Breedt, Christiaan de Beer en Raymano Venter is die stigters en eienaars van Legends Pro Angling wat vanjaar vir die eerste keer by die ekspo sal wees. Besoek hulle gerus in die Total-gebou.**

## Groot name


Die fokus van Legends Pro Angling is om aan beide sosiale en mededingende hengelaars die geleentheid te gee om deur medewerking en vennootskappe met van die voorste visvanghandelsmerke in die land hul visvanglegendes persoonlik te ontmoet. By NAMPO Alfa gaan van die grootste name in visvang dus teenwoordig wees om met besoekers te skakel, vrae te beantwoord en wenke en raad te deel.

Besoekers kan daarna uitsien om met die volgende groot name skouers te skuur: Barend Breedt (Wêreldspele-kampioen en Protea-oewerhengelaar), LC van der Westhuizen (Protea-oewerhengelaar), Loutjie Louwies (Protea-oewer- en -karphengelaar), Gilbert Foxcroft (Protea-karphengelaar), Spinks van Heerden (Protea-hengelaar) en Jan Tolmay (Protea-karp- en -oewerhengelaar).

"Legends Pro Angling is in Sasolburg geleë en het 'n tweede tak in Louis Trichardt. Die Legends-handelsnaam is sinoniem met gehalte, verskeidenheid en bekostigbaarheid. As een van die land se tophengelwinkels het ons ons goedgevestigde netwerke gebruik om hengelaars by vanjaar se NAMPO Alfa in alle fasette (soos baars-, oewer-, proefkarp-, boot-, rots- en seehengel) van voorraad te kan voorsien."

*Daar is ongeveer een miljoen sosiale en mededingende hengelaars in Suid-Afrika*

Die volgende handelsmerke sal by Legends Pro Angling se saal (by die Total-gebou) te kry wees: Diawa, Kingfisher and Korda, Berkley, Mitchell & Penn, Legends Legacy Series, LL Signature Series, Simplicity Fishing, Slammer Series, Big Daddy Baits, BM Baits, Mythical Fishing, Vaal River Fishing Charters, Champion Dips, Legends Pro Angling, South Side Angling en Damalichite Fishing Charters.







## Aktiwiteite en kompetisies

Besoekers kan verder uitsien na verskeie aktiwiteite by Legends Pro Angling se saal. Daar sal 'n kol-vergooibaan wees waar besoekers die nuutste reeks stokke en katrolle kan besigtig én self kan beproef. Die baan word deur De Beer & Claassen Prokureurs geborg. Daar sal verder pryse te wen wees; soos hengeluitstappies saam met jou gunstelinglegende.

Gilbert Foxcroft en sy span van Kingfisher sal hengelaars by die kol-vergooibaan met raad en daad bystaan om verder en meer akkuraat te kan ingooi.

Nog 'n opwindende aktiwiteit is die visvangsimulator wat die span van Berkley, Mitchell & Penn daar sal hê vir hengelaars wat hul vernuf teen dié van 'n simulator wil meet.

Soos genoem, sal daar deur die loop van die ekspo geleentheid wees om visvanglegendes te ontmoet. ●

# VUURWAPENS
## hier op proef gestel

Karina Muller, *SA Graan/Grain*-medewerker

Vuurwapenentoesiaste wat die NAMPO Alfa Lewendehawe-, Jag- en Buitelewe-ekspo vanjaar besoek, kan uitsien na verskeie uitstallings van vuurwapens en verwante produkte asook praktiese skietsessies.

Vuurwapen- en ammunisiehandelaars Dave Shear, Magnum, Safari Outdoor en Sudden Sky stel hul produkte by die ekspo ten toon.

Voornemende wapeneienaars het die geleentheid om self vuurwapens op die proef te stel by die skietbaan aan die oostekant van NAMPO Park (sowat 400 m van die Nutri Feeds-saal) voor hulle 'n aankoopbesluit neem. Enige kaliber kan teen 'n baanfooi van R100 hier getoets word. Reël by die spesifieke handelaars vir die praktiese sessies.

Ammunisie en beskermingstoerusting word voorsien en ervare lede van die Bothaville-tak van die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging tree as baanbeamptes op.

Bennie Zaayman (bestuurder: NAMPO) sal graag navrae in hierdie verband beantwoord. Skakel hom by 082 414 8099 vir meer inligting. ●

**Voornemende vuurwapeneienaars kan wapens by die skietbaan op NAMPO Park uittoets. Wapens van enige kaliber kan oor afstande van 50 m en 100 m afgevuur word. Persoonlikebeskermingstoerusting word voorsien en streng veiligheidstandaarde geld.**




NORTH WEST
SAFES AND LOCKSMITHS



Our service:


- Custom Build Safes
- Safe Repairs
- Electronic Safe Locks
- Pepper Spray Alarm Systems
- Gun Safes
- Portable Safes
- Strong Room Doors
- High Security Safety Doors

Contact Us:

018 469 4534 | 084 899 7111

ben@nwsafes.co.za

# TERREINKAART




WE are...
WHO WILL MISS YOU WHEN YOU ARE GONE?
WE WILL! WE ARE, BECAUSE OF YOU...
Grain SA is here to ensure that grain farmers produce sustainably and profitably, for food security, for prosperity and stability... for the promise of a future for us all.
GSA
GRAIN | GRAAN
grainsa.co.za

# DIE BETROUBAARHEID VAN GISTER.
# DIE INNOVASIE VAN MÔRE.




Ons kyk met trots terug op ons ryk erfenis, terwyl ons met opwinding vooruitsien na die vernuwende en vooruitstrewende toekoms van landbou. Met die beste van die verlede en die nuutste van die toekoms, gaan ons voort om die landboubedryf te ondersteun en boere te bemagtig met vooruitgang en sukses.

Met die mag van innovasie en tegnologie, sien ons uit na die toekoms. Dit is ons doel om 'n verskil te maak, en ons is gereed om die uitdagings van die landboubedryf met vertroue en vasberadenheid aan te pak.

**Sluit aan by ons in die reis van gister tot môre, en maak saam met ons 'n verskil in die landboubedryf. Dit is tyd om te innoveer en te groei met die leiers in landbou-tegnologie.**

www.caseih.co.za

CASE IH